# Kategese: 26 Julie 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool**: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Wat is die Bybel?

***"My B-Y-B-E-L , het my van God vertel, ek kan dit glo,***
***want die Woord sê so, my B-Y-B-E-L"*** .

Ons leer die kleuters van die Bybel. Al kan hulle nog nie lees nie kan hulle luister wat daar staan as pappa of mamma vir hulle uit die Bybel lees. Die kleuters versier dan elkeen hulle eie B-Y-B-E-L liedjie.
Ps 119:105: ***"U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad"***

**Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)**

***Graad 1-6**: Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: Lawwe *ID*ees in my kop

Telefoontjie is die speletjie wat 'n groepie kinders in 'n kring sit en speel. Die eerste kind fluister saggies 'n lawwe sinnetjie vir die tweede persoon. Dié kind moet dan die boodskap oordra na die volgende en so al om in die kring totdat die laaste kind die lawwe sinnetjie hardop moet sê. Groot is de konsternasie as dit glad nie meer klink soos die oorspronklike lawwe sinnetjie nie.
Sondag praat ons oor **lawwe *ID*ees** wat die wêreld oor ons het en wat dan soos telefoontjie oor en oor in ons koppe gespeel word, totdat ons glad nie meer dieselfde betekenis oor onsself het, soos hoe God oor ons dink nie.
Sefanja 3:17 "***Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**